Laerskool Montagu se weeklikse nuusbrief
www.laerskoolmontagu.net
monties@telkomsa.net
023 614 1640

MONTIENUUS

18 Oktober 2023
OB 36

Beste Ouers

Kwartaal 4 van 2023 het aangebreek en ons is besig met die laaste skof van die jaar, hoe onwerklik dit ook al klink.

Die Leier van die Jaar vir die seuns en dogters is op Vrydag 13 Oktober aangekondig. Baie geluk aan Lienka Joubert en Zack Roos, wat verkies is. Die Monties is baie trots op julle.

Op sportgebied het die kwartaal afgeskop met tennis-, mini-krieket- en o. 13 krieketwedstryde. U het saam met die rapporte aan die einde van kwartaal 3 'n kwartaalprogram ontvang. Datums wat bykom sal op d6 en in die Montienuus aan u gekommunikeer word. Ons het ongeveer 5 weke onderrig oor, voordat die finale toetsreeks/eksamen in aanvang neem. Ons moedig leerders daarom aan om in die volgende weke baie hard te werk en te fokus op hul akademie.

Soos reeds deurgegee op die kwartaalprogram, vind die WKOD se jaarlikse Sistemiese Toetse vir graad 3 en 6 op Vrydag 20 Oktober plaas. Hierdie is baie belangrike toetse vir die onderwysdepartement. Hiermee bepaal hulle onder meer wat die standaard van onderrig in die skool is, asook watter leemtes in die breë onderwys van die Wes-Kaap is. Hierdie inligting word gebruik om opleiding en intervensies te beplan ter verbetering van die kurrikulum.

Ons het aan die begin van kwartaal 3 vir u inligting gestuur oor die toepassing van die gedragskode wat aangepas is. Die beheerliggaam is tans besig met dissiplinêre gesprekke met ouers, rakende leerders wat herhaaldelik die gedragskode oortree. Indien leerders briewe kry wat ouers in kennis stel van herhaalde dissiplinêre oortredings, word ouers versoek om in gesprek met die leerder te tree, of maatreëls in te stel om herhalende oortredings te voorkom.

Tans word daar atletiekoefeninge aangebied deur RAMA Atletiek-akademie. Let asb. op dat daar fooie betaalbaar is. Die skool se atletiekoefeninge sal plaasvind in 'n sportperiode, wat ingestel gaan word na die eksamensessie elke dag. Die sportperiode sal in skooltyd wees, sodat alle leerders die geleentheid kry om te oefen.

Alles van die beste vir die komende week.

Vriendelike groete

Jan Krüger
Skoolhoof

Geborg deur:
Montagu SPAR
023-61 43080
goed vir jou

BELANGRIKE DATUMS

Woensdag, 18 Okt	Ouerbesoeke
Donderdag, 19 Okt	Kliniek: Gr. 5 Mini-krieket vs Swellendam (weg)
Vrydag, 20 Okt	Entrepreneurs (Gr. 2D) GF boeke huis toe Sistemiese toetse (gr.3 en gr.6)
Dinsdag, 24 Okt	Damesaand
Woensdag, 25 Okt	Gr. 6 Kamp (Wemmershoek)
Donderdag, 26 Okt	Gr. 6 Kamp (Wemmershoek) Tennis vs Ashton (tuis)
Vrydag, 27 Okt	Gr. 6 Kamp (Wemmershoek) Landsdienskamp (gr. 1 – 6) Atletiek: Bredasdorp Top 10 Ope entrepreneurs Netheidsinspeksie

Mini-krieket

19 Oktober 2023

Geen oefening vir leerders wat nie wedstryde speel nie.

Personeel verjaarsdae

Janine Strauss: 24 Oktober

Chesné Pekeur: 24 Oktober

Julante van Zyl: 25 Oktober

Madelene Victor: 26 Oktober

Lisa Plomp: 27 Oktober

Beurtkrag en ons telefoon:

Ongelukkig is ons sentrale baie oud. Wanneer die krag af is, gee die foon 'n luitoon wanneer u bel, maar dit lui nie by die skool nie. Ons kan dus nie oproepe ontvang tydens beurtkrag nie.

Leiers van die Jaar 2023

Baie geluk Lienka Joubert en Zack Roos!

Lentedag

Trek aan volgens 'n land: Klaswenners
(Ongelukkig was die gr.5-leerders op die SOS kamp tydens ons Lentedag.)

Graad	1ste	2de	3de
1	Riley Kitshoff	Autumn Davids	Athayliah Hoffman
2	Errynne van Rooyen	Luka Kroucamp	Sebastian du Plessis
3	Catherine Stout	Chloe Swanepoel	Aliai Stopforth
4	Alyssa Kitshoff	Adia Philander	Luka Sadie
6	Luan Koekemoer	Mariké-Mari McAlpine & Mieke Joubert	Gailynne Saaiman
7	Duren Gertse & Frané Plaatjies	Lodewyk Beukes	Veroza Plaatjies

T E N N I S

Tennis vs KOO

Op 12 Oktober het ons skool se tennisspan teen die Koo tuis gespeel. Dit het baie goed gegaan. Die seuns en dogters het gewen.

Monties neem deel by Wynland Tennis

13 en 14 Oktober het die volgende leerders van LS Montagu aan die Wynland tennis-toernooi deelgeneem:

Sion Stemmet
Josua du Toit
Lienka Joubert
Iva du Toit
Lodewyk Beukes
Thys Venter

Baie geluk aan elkeen met hulle uitslae

Krieket o. 13

Monties het op Saterdag, 14 Oktober 2023 deelgeneem aan die Overbergtoernooi. Ons span het baie goed gedoen en almal het dit geniet. Zack Roos was speler van die dag en het o.a. in vyf beurte van 10 balle elk, 94 n.u.n. lopies geslaan.

Baie geluk!

Mini-krieket uitslae

Bonnievale Sportdag

Die Monties het op Saterdag, 14 Oktober 'n heerlike mini-krieketdag op Bonnievale bygewoon. Die uitslae was soos volg:

o. 7	Verloor 2
o. 8A	Wen 1, verloor 1
o. 8B	Wen 2
o. 9A	Wen 1, verloor 1
o. 9B	Wen 2

Graad 5: SOS-kamp te Villiersdorp
27 - 29 September 2023

Die Monties het die kamp baie geniet en die groepe het sterk gekompeteer teen mekaar.
Die hindernisbaan, nagmars en rotsklim was van die hoogtepunte.
Dankie aan die personeel wat hulle vergesel het.

Ou Besproeiingspype

Die skool wag tenders in vir die verkoop van die ou besproeiingspype. Belangstellendes kan vanaf 19 Oktober tussen 07:30 en 10:00 die pype besigtig en 'n tenderdokument by ontvangs neem. Tenders sluit op Vrydag 27 November 2023.